GENOOTSKAP VIR DIE HANDHAWING VAN AFRIKAANS

JAARVERSLAG 2010/2011

Die Genootskap het weer ‘n bedrywige jaar agter die rug.

Om die taal te kan Handhaaf en te laat voortbestaan, het die GHA-Hoofbestuur ‘n aantal terreine geidentifiseer wat belangrik is vir die voortbestaan van ons taal Afrikaans.

‘n Onafhanklike Afrikanerstaat of state waar Afrikaans die amptelike taal sal wees. Dit het vir ons alhoemeer duidelik geword dat die elf amptelike tale in Suid-Afrika die lisensie is vir een taal naamlik Engels, want almal verstaan mos Engels. Daarom het Engels in die staatsdiens, vermaaklikheids- en sakewêreld, die kommunikasiemedium geword. Dit suurdeeg deur na ander dele van die Suid-Afrikaanse samelewing. Daarom is die GHA geaffilieer by die Afrikanerfront waarvan die hoofdoel is, die verkryging van so ‘n onafhanklik Afrikanerstaat in samewerking met 29 ander Afrikaanse en Afrikaner organisasies. Die GHA was dan ook sigbaar verteenwoordig by die eerste openbare byeenkoms van die Afrikanerfront by Paardekraal op Krugersdorp waar die GHA ‘n stalletjie gehad het.

Afrikaanse skole waar gehalte moedertaal onderrig sal plaasvind, is onontbeerlik vir die voortbestaan en uitbouing van ons taal. Daarom beywer die GHA saam met ander organisasies in die Afrikaner Onderwysdirektoraat om ‘n onafhanklike Afrikaner Onderwys-owerheid daar te stel wat beheer sal hê oor bestaande Afrikaanse openbare skole (model-C skole). Die Onderwysowerheid sal ook beskerming verleen aan tuisonderrig ouers en leerlinge asook privaatskole soos die BCVO.

In die verband het die GHA verlede jaar ‘n publikasie die lig laat sien met die titel *AFRIKANER se eis vir ‘n onafhanklike ONDERWYSOWERHEID*.

Verder het die GHA dit as doelwit gestel om een miljoen persone wat ook verlang na gehalte moedertaal onderrig vir hulle kinders en kleinkinders, te werf wat ‘n kennis van voorneme teken dat hulle so ‘n doelwit sal ondersteun en bevorder.

So het ons dan verlede jaar die aksie bekend gestel by die Onderwyskongres van die Afrikaanse Taalraad en ook by die Pretoriaskou waar ons ongeveer 600 handtekeninge gewerf het. By die Majubakamp vroeër vanjaar het die GHA ook ‘n stalletjie gehad waar ons nagenoeg 40 handtekeninge gekry het. Hierdie is ‘n grootse uitdaging vir die GHA wat baie tyd, geld en mannekrag sal benodig.

In 2006 het die GHA nagenoeg 96000 handtekeninge ingesamel teen die SABC2 se TSHWANE-breinspoeling wat in sy nuus na Tshwane verwys het, pleks van Pretoria. Hierdie basis van ondersteuners moet nou verder ontgin word in ons stryd vir die behoud van ons taal in die Nuwe Suid-Afrika.

‘n Liefde en waardering vir die Afrikaanse taal moet by die jeug gekweek word. Mnr Horst Graefe, een van ons Hoofbestuurslede, was vir die afgelope aantal jare aan die stuur van sake by die Handhawerjeug. Met groot ywer en inspanning het hy ‘n klompie jong mense opgelei as jeugleiers waarvoor ons hom ewig dankbaar sou wees. ek weet dat hyself teleurgesteld is dat hy nie kon slaag om die Handhawers uit te bou tot ‘n landwye organisasie nie, maar vir dit wat hy gedoen het…. En soos ek vir hom gesê het: die saaier saai die saad. Sommige val op harde onvrugbare grond, maar daar is ook ander saad wat op sagte vrugbare grond geval het en dit sal ontkiem en groei en ook vrugte voortbring. Mnr Graefe het ongelukkig bedank en moes ons die Handhawerjeug verlede jaar reorganiseer. Kariene Bisschoff is tans die voorsitter, Pieter Oosthuizen die ondervoorsitter, Sonette Claasen die sekretaresse en Riaan Alkema die Randmeester.

Onder die bekwame leiding van hierdie jongmense en ook mnr Hennie Kasselman was daar dan vanjaar weer ‘n groep skoolkinders na Majuba toe geneem waar die kinders nie net ‘n liefde vir die taal ontwikkel het nie, maar ook vir hulle geskiedenis. ‘n Kind wat sy volk se geskiedenis ken en weet waar hy vandaan kom, ontwikkel ook ‘n liefde vir sy taal. Die twee loop hand aan hand.

Die GHA het verlede jaar ‘n besluit geneem om taalaktivisme te bevorder. Prof Kobus Pienaar het geld bewillig vir ‘n wisseltrofee wat die GHA elke jaar kan toeken aan die Taalaktivis van die Jaar. In die verband het die GHA Hoofbestuur ‘n definisie saamgestel van ‘n taalaktivis en ook ‘n aantal riglyne bepaal waarvolgens so ‘n aktivis beoordeel kan word. Ons het Februarie dit aan die media bekend gemaak en ook aan die lede geskryf sodat hulle persone kon nomineer waaruit ons kon kies.

Ons is bly om te kan aankondig dat ons ‘n Inge Roux van Pretoria die taalaktivis van 2010 is.

Die GHA Hoofbestuur het ook ‘n baie geslaagde GRA funksie hier in Pretoria aangebied op 14 Augustus verlede jaar waar Jofranie Venter (hoofbestuurslid en bestuurder van die Instituut vir sang en opleiding) opkomende jong sangers gekry het om op te tree. Dit was ‘n heerlike Afrikaanse sang en musiekaand waar ook die gehoor aan kon deelneem.

Van ons lede het versoek dat daar meer sulke geleenthede aangebied word. So word die Afrikaanse lied bevorder.

Die GHA bevorder ook die skryfkuns en het ons op 12 Maart ‘n baie geslaagde slypskool vir skrywers en digters hier in Pretoria aangebied. Die bekende romanskryfster, Engela van Rooyen, het ‘n baie praktiese les aangebied waar sy kursusgangers nie net geprikkel het om te skryf nie, maar ook baie goeie wenke gegee oor hoe om ‘n storie te skryf. Susan Oosthuizen het in die tweede sessie aan die hand van baie goeie gedigte die verskillende vorms en elemente waaruit gedigte bestaan uitgelig. Digters wie se gedigte nie in Stemme uit die Suiderland gepubliseer is nie, was ook voorgelees en bespreek. ‘n Groot aantal skoolkinders het die kursus bygewoon.

Wat hierby aansluit, is ons jaarlikse gedigtekompetisie om hierdie besondere skryfvorm as versetkuns te bevorder. Verlede jaar was die sesde jaar wat die GHA ‘n kompetisie aangebied het. Dr Müller Pretorius het die administrasie behartig in ons hoofkantoor. Susan Grobler (tans ondervoorsitter van die GHA) was aan die stuur van sake en die beoordeling is behartig deur dr Tobie Hart van Pretoria. Uit die keur van die gedigte wat vir die kompetisie ingeskryf is, is die sesde digbundel deur die GHA uitgegee met die titel Stemme uit die Suiderland V.

Die wenners was verlede jaar op die GHA se jaarlikse glansaand bekend gemaak.
Hannes Holtzhauzen van Bloemfontein was die algehele wenner van die ope gedigtekompetisie met sy gedigte *Langstertflap* en *Dagbreek oor Namakwaland*. Die naaswenner was Frik Steenberg van Naboomspruit met sy gedigte *Pelgrimstog* en *Die Heks.* Die ses kategorie wenners was Nadia Mans, Karlien van der Merwe, Marinette de Bruin, Chris van den Heever, Marie Senekal, Tharina Ludik.
In die Hoërskole kompetisie was Ellari Snyders van Langenhoven Gimnasium, Oudtshoorn die algehele wenner en die naaswenner Louise van Tonder van Pretoria High School for Girls. In die Laerskole kompetisie was Anja Meyer van CVO Potgietersrus die algehele wenner en Nitzia Homann van Laerskool Pretoria-Oos die naaswenner.

Ons dank gaan aan al die digters van regoor die land wat deelgeneem het en ons borge wat ons in staat gestel het om hierdie kompetisie aan te bied en die Bloemlesing te kon uitgee asook aan elkeen wat gehelp het om van die glansaand werklik ‘n pragtige aand te maak.

Die afgelope jaar het die GHA sy kwartaalblad en mondstuk TOLBOS weer gratis aan lede versprei. Sommige kere was daar ‘n groter oplaag gedruk vir bemarkingsdoeleindes. Mev Susan Grobler het dr Louwrens du Toit as redakteur opgevolg. Ons hoop dat die TOLBOS eendag die voorste tydskrif sal word vir Afrikaans en die Afrikaner.

Die GHA-hoofkantoor was die afgelope jaar deur een beampte nl dr Müller Pretorius beman. Die ligging van ons kantoor is op die Willie Marais Afrikanersentrum terrein in Paul Krugerstraat, Eloffdal, Pretoria. Dr Pretorius se hooftaak is om die administratiewe take van die GHA te verrig, verklarings uit te reik, borge te kry en lede te werf en met lede te skakel.

Verder het die GHA sy teenwoordigheid op die internet vergroot deur die GHA se webwerf na ‘n ander webmeester te verskuif. Tans word dit, asook die Handhawerjeug se blad behartig deur Riaan Alkema. Ook het die GHA verteenwoordiging op bakkiesblad.

Ten slotte wil ek verwys na ‘n toespraak wat mnr Flip Buys verlede jaar gemaak het tydens die FAK se jaarlikse prysuitdeling. En as ons vandag kyk na Solidariteit en al sy filiale soos Afriforum, Helpende Hand ens. kan ons gerus kennis neem van wat hy te sê het:

“Groepe wat demokraties permanent uitgesluit is van politieke mag oor hulself moet veg vir dit wat meerderhede as vanselfsprekend aanvaar, soos besluite oor hulle taal, skole, universiteite en die aanwending van hulle belastinggeld.

Hulle kan dit net doen as hulle oor ‘n sterk netwerk van selfstandig uitvoerende instellings beskik. Dit beteken dat Kultuurliggame en burgerlike organisasies instellings van uitnemendheid moet wees. Ons mag nie ‘n kultuur van middelmatigheid in ons instellings duld nie, omdat onderprestasie ons aandadig aan die ondergang van Afrikaans en die Afrikanervolk sal maak.”

Hy sê verder dat dit dikwels te maklik is om faktore buite ons beheer te blameer vir ons eie onvermoë en dat sy gevolgtrekking is dat sukses nie bepaal word deur hoe positief ‘n organisasie se kulturele of politieke omgewing is nie, maar hoe suksesvol die organisasie se leierskap die faktore onder hulle beheer bestuur.